MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

26 Mei 2021

OB 15 – 100% terugfasering van leerders

Beste Ouers

Die skool het aansoek gedoen om al ons leerders terug te faseer na die skool. Die versoek is goedgekeur. Die meegaande berig is so 'n tyd terug ook vir u deurgegee, maar intussen het ons voortgegaan met ons aansoek. Sedert kontaksport hervat is, was die beroep om skole te heropen landswyd al groter. Kontaksport is tydelik opgeskort, maar sal weer hervat word.

Ons gaan dan op **Maandag 31 Mei** al ons leerders terugbring na die skoolbanke. Ons is bewus van die stygende getalle landswyd en sal daarom die situasie fyn monitor. Sou die getalle in Montagu 'n drastiese styging toon, sal ons tydelik moet terugkeer na die wisselrooster, totdat die gevalle weer daal. Ons vertrou egter dat dit nie die geval sal wees nie. *Wintertye* soos in die huiswerkboek uiteengesit, word vanaf Maandag gevolg. Die tye verskyn ook aan die einde van die brief.

Kinders moet skool toe om nóg agterstande te beperk

Deur Johan Eybers
09 Mei 2021 00:03 Rapport

Die departement van onderwys het Saterdag amptelik vir vakbonde gesê hy wil hê alle laerskoolkinders moet voltyds teruggaan.

Die enigste uitsondering is plekke waar daar 'n groot uitbreking van Covid-19 is.

Die departement het dié plan gister by 'n vergadering aan vakbonde voorgelê.

Die verwagting is dat Angie Motshekga, minister van onderwys, vroeg dié week 'n aankondiging oor die saak sal doen.

Die beheerliggaam het besluit om perspex-skerms aan te bring op elke bank tussen die leerders. Ons het besluit om in elk geval die skerms te gebruik, selfs al sou die departement besluit om alle skole 100% in te faseer, sodat daar skeiding tussen die leerders se werkspasie is. Die skerms is langer as die breedte van 'n bank/tafel, sodat dit tussen die leerders se skouers ook ingaan. Die skerms is 500mm hoog. Baie dankie aan die beheerliggaam wat hiermee behulpsaam is en veral mnr. Pieter Stemmet, wat help met die reëlings en arbeid om die werk te doen.

Ek wil u graag bedank vir die harde werk wat u die afgelope jaar met u kind gedoen het. U moes skielik by al u normale verantwoordelikhede, ook skielik die onderwyser by die huis word. Ons as personeel waardeer dit. Ons sal steeds moet voortgaan met ondersteuning tuis, maar wetend dat ons nou meer tyd in die klas sal hê vir onderrig en vaslegging.

Ouers wat graag aanvullende werk vir sy/haar kind wil gee, kan gerus op die WKOD se webwerf gaan kyk. Daar is baie oulike werk vir alle vakke, onder e-Portal by https://wcedeteacher.wixsite.com/remoteeducation Kies die afdeling vir ouer of leerder.

Ek doen weer 'n dringende beroep op ouers om seker te maak u kind neem sy/haar **masker** wanneer hulle die huis verlaat. Pak asb. ook 'n *ekstra masker* in wat in die tas bly vir noodgevalle, of sou u kind die masker vergeet.

Indien enige leerder enige simptome van COVID-19 toon, of as hulle siek is, moet u as ouer **asb. u kind tuis hou en mediese advies inwin**. Dit is ook baie belangrik dat u dit onmiddellik onder die aandag van die skool bring. Indien iemand, met wie 'n leerder in noue aanraking was (bv. boetie, sussie, ouer of grootouer), vir COVID-19 getoets moet word **moet die leerder isoleer by die huis** vir 10 dae of tot die betrokke persoon negatiewe uitslae ontvang het.

Boeliegedrag

Ek wil graag die prosedure vir u verduidelik wanneer daar 'n voorval op die speelterrein is. Ongelukkig is daar enkele leerders wat kanse vat en ander leerders probeer afknou.

- Ek kondig elke pouse oor die interkom aan watter personeel op terreindiens is.
- Sou daar enige voorval wees, bv. 'n ander leerder wat u kind stamp of sy/haar kos wil afneem, moet u kind dit aan die personeellid aan diens gaan vertel.
- Die personeellid sal aksie neem.
- Indien u kind by die huis kom en dit vertel en dis nie by die onderwyser aangemeld nie, skryf asb. 'n briefie in die huiswerkboek, of op 'n aparte briefie, sodat u seker is ons word bewus gemaak van die voorval.
- Indien 'n spesifieke kind aanhou om kinders af te knou, sal dit as boelie beskou word en word dit aan my gerapporteer.
- Indien 'n gesprek of waarskuwing nie help nie, word die ouers ingeroep om die saak te bespreek.
- Intussen word die voorvalle gerekordeer op die leerders se gedragskodeblad.
- Ons het 'n bespreekte opvoering gehad van iemand wat o.a. boelie sou aanspreek, maar dit is uitgestel. Dit sal wel later in die jaar plaasvind.
- Ons bespreek boelie in die klasse en daar is 'n reeks video's wat die personeel sal gebruik.
- Hierdie is vir ons 'n ernstige saak wat ons beslis sal aanspreek. Ons doen ook 'n beroep op u om 'n gesprek met u kind te hê oor boeliegedrag.

Ek wens u alles van die beste toe.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

SKOOLTYE

Aanvangstyd: Eerste skooldag van elke kwartaal: 08:00

SOMER: (Kw 1 + 4)			**WINTER: (Kw 2 + 3)**		
Begintyd: 07:15			**Begintyd: 07:30**		
Uitkomtyd:			**Uitkomtyd:**		
Gr. 1-2			**Gr. 1-2**		
MA	12:15		MA	12:30	
DI	13:05	14:20*	DI	13:20	14:35*
WO	12:45		WO	13:00	
DO	13:05	14:20*	DO	13:20	14:35*
VR	12:45		VR	13:00	
Gr. 3			**Gr. 3**		
MA	14:00		MA	14:15	
DI	13:05	14:20*	DI	13:20	14:35*
WO	13:15		WO	13:30	
DO	13:05	14:20*	DO	13:20	14:35*
VR	12:45		VR	13:00	
Gr. 4-7			**Gr. 4-7**		
MA	14:00		MA	14:15	
DI	13:05	14:20*	DI	13:20	14:35*
WO	14:00		WO	14:15	
DO	13:05	14:20*	DO	13:20	14:35*
VR	14:00		VR	14:15	

- **Sportdae: Dinsdag en Donderdag [*sport uitkomtye]**

1ste pouse:	**SOMER**	**WINTER**
Maan. & Woens :	09:55 – 10:15	10:10 – 10:30
Dins & Dond :	10:15 – 10:35	10:30 – 10:50
Vrydag:	09:55 – 10:15	10:10 – 10:30

2de pouse:	**SOMER**	**WINTER**
Ma. **[Gr. 3-7]**	12:45 – 13:00	13:00 – 13:15
Wo. **[Gr. 4-7]**	12:45 – 13:00	13:00 – 13:15

Let Wel: WOENS. GR. 3 - GEEN 2DE POUSE NIE

Dins & Dond:	13:05 – 13:20	13:20 – 13:35
Vrydag:	12:45 – 13:00	13:00 – 13:15

Deure na môre 2021

Geborg deur:

SPAR MONTAGU
Volg ons op sparmontagu
023 614 3080